# Hoofstuk van die dag: Hebreërs 5

> *Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. (vers 8)*

’n Priester wat namens die volk by God intree, moes een van hulle wees. En daarom, om Hoëpriester te kan wees wat namens

ons voor God kan staan, moes die Here Jesus in alle opsigte méns word, een van ons.
Sy lyding het Hom ons Middelaar gemaak.
Dit gee my moed, want ons het 'n Hoëpriester wat ons verstaan. Hy kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes (vers 2) omdat Hy self aan swakheid onderhewig was. Ps 103:14 sê dit mos: "Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is." Ons aanbid nie 'n Verlosser wat só hoog bokant ons staan dat Hy nie 'n snars verstaan van ons node en stryd nie. Daarom kan ons met vrymoedigheid na die genadetroon gaan (Heb 4:16).
Ons gaan dit maak! Want ons Verlosser, die Een wat vir ons intree by die Vader, is een van ons. Hy verstaan ons. Maar Hy het nie, soos ons, gefaal nie. Hy het nie soms handdoek ingegooi nie. Hy het oorwin! Hy weet hoe! Dis Hý wat ons Leidsman is.
Met Hom by my sien ek kans.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026